

15 November 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



Rigters 4: 1-24

ons storie ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Noem die mense wat die afgelope jaar vir jou uitgestaan het as leiers en rolmodelle.

word stil

Lees Psalm 123 as 'n gebed

Dink na oor God se ontferming in jou lewe.

GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam
Rigters 4: 1-24

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Wees eerlik – wat was jou eerste gedagtes toe julle hierdie gedeelte gelees het? Wat dink julle is die nut van verhale soos hierdie in Die Bybel?

Waarom is Debora so 'n merkwaardige vrou? Wat het sy alles gedoen? Wat leer ons by haar?

Wat maak julle van Barak se optrede? Hoekom tree hy so op en wat kan ons daaruit leer?

In 'n patriargale samelewing kies God vir Debora as leier. Dink aan ander voorbeelde waar God die onverwagte mense kies. Wat leer ons daaruit?

Hoe word jy bemoedig of versterk deur hierdie gedeelte?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:

In hierdie gedeelte sien ons hoe God onwaarskynlike mense bymekaarbring om saam te werk. Watter les is hierin opgesluit en hoekom sukkel ons so hiermee?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.

